PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.

11 Julie 2021

Vanoggend se erediens

Tema: Het jy kopspasie vir God?

Skriflesing: 2 Samuel 24

Koning Dawid hou 'n sensus om die omvang van sy koninkryk vas te stel, maar dié plan boemerang lelik, en hy moet met God regmaak. Sy verstaan van hoe God inpas in sy lewe en wêreld het oor die jare skeef getrek.

Só glo ons

Ek glo ...

Die Heidelbergse Kategismus

Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God ?

Antwoord: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God, waardeur Hy hemel en aarde en alle skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede en alles ons nie per toeval nie maar uit sy vaderhand toekom.

Ons Program

Vandag:

- **Aanlyn diens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom
- **Sondagskool** - Geen
- **Deuroffer**: Rut

Sondag 18 Julie:

- **Aanlyn diens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom
- **Sondagskool** - Geen
- **Deuroffer**: Jaweh

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Julie

12 Annemé Terblanche
15 Kobus Hugo
15 Jeanette Olivier
17 Willie Olivier

Nuwe lidmaat:

Magda Liebenberg – Sy word deel van Ons Woning Wyk, met ds. Pieter Poley as ouderling en Hester de Jager as diaken.
Hartlik welkom, mag u gou tuis voel en deel word van ons gemeente.

Voorbidding

Bid vir Petrusburg en almal wat die laaste tyd geraak is deur Covid 19.
Baie sterkte, ons bid dat elkeen ten volle sal herstel.

Koster is met verlof ...

Annemarie Dercksen is met verlof vanaf 9 tot 19 Julie.

Bybels

Lidmate word genooi om asseblief bietjie by hul vriende, werkers, huis- en tuinwerkers uit te vind of hulle Bybels nodig het of benodig en asseblief vir Phillip du Plessis in kennis te stel.

Hulle het Engels, Afrikaans en S/Sotho Bybels en ook 'n klompie boekies in dieselfde tale vir kinders waarin die verhaal van Jesus vertel word.
Phillip du Plessis: 084 969 2634 & Elize du Plessis: 082 333 5012

> If you try to structure your life around God but don't take the time to talk with Him, it will be impossible to keep your life focused on God.

Leraar:	**Jaco Thom**	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor:	**Madette Lombaard**	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis:	**Elmien Thom**	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster:	**Annamarie Dercksen**	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf	www.ngkerkpetrusburg.co.za		*facebook* NG Kerk Petrusburg
Kantoorure	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
Bankrekening	ABSA Tjekrekening 2610580001		